

## KLEIN KAROO NASIONALE KUNSTEFEEES

## Uitstalling verbind werk van skrywer, kunstenaar

Gert Coetzee

OUDTSHOORN. – Die Klein Karoo Nasionale Kunstefees is die plek waar “die drif van jongeres” en die “geskaafdheid van oueres”, “vrae” en “antwoorde”, “manlik” en “vroulik”, “kuns” en “tegnologie”, “verwysingsraamwerk” en “teks”, en baie ander dinge mekaar vind.

Die plek van ontmoeting is *Bloedlyn*, 'n uitstalling van die gekombineerde werk van 20 kunstenaars en skrywers wat in spanne van twee – bestaande uit 'n ouer en 'n jonger lid – saamgewerk het.

Die uitstalling is 'n gewilde keuse onder resensente, maar is nie vir oningewydes onmiddellik verstaanbaar nie. Die ontsyfering van 'n minder of meer toeganklike kode ken-

merk al die werk.

Me. Lien Botha van Kaapstad, kurator van die uitstalling, sê die uitstalling is vir seker nie net vir 'n nismark nie, maar vir almal.

Dit is binne twee maande saamgestel. Die tien kunstenaars en skrywers is in pare gedeel. 'n “Onder 30” is gewoonlik saam met “'n bo 40” ingedeel vir 'n (hopelik) gebalanseerde toonwaarde.

Hulle het 'n “oop” opdrag gekry. Elke kunstenaar moes 'n vertolking van die bloedlyn-tema uitbeeld. Sy skrywersmaat moes dit dan in teks verwoord.

Vir besoekers is dit duidelik dat die ontmoeting tussen kunstenaar en skrywer soms stadig en moeilik saam gekom het.

Moedswilliges kan wonder of nie

soms bloed getrek is nie.

Botha sê van die kunstenaars het die “bloed” en ander die “lyn” van die tema benadruk.

Kommunikasie, tegnologie, persoonlike krisisse, maatskaplike voorbehoude en die veelvuldige kompleksiteit van verhoudinge word onder meer “tragies, ondersoekend, driftig, en ter viering van die lewê” in die gepaarde kunswerk vergestalt.

By die ingang van die Principiakollege word besoekers deur 'n houtkas met 'n televisie binne verwelkom.

Dié kunswerk, die bydrae van die kunstenaar Thembinkosi Goniwe en die skrywer Vernie Plaatjies, het iets met (wan-)kommunikasie en tegnologie te doen.

Ander deelnemers is Mark Coetzee en Karin Cronjé, Fritha Langerman en Lettie Viljoen, Andrew Porter en Elias P. Nel, Lucy Pooler en Ashraf Jamal, Selwin Pekeur en Welma Odendaal, en Berni Searle en Anoesckha von Meck.

## Sperms bymekaar gekry vir kunswerk

Gert Coetzee

OUDTSHOORN. – Die Kaapse dramaturg Charles J. Fourie het “so twee maande” daaraan gewerk om genoeg van sy sperms bymekaar te kry vir “'n uiters persoonlike” kunswerk wat op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees te sien is.

Veronique Malherbe, Kaapse kunstenaar, wat saam met hom die kunswerk gemaak het, se borsmelk is ook, soos die sperms, in proefbuisies in die kunswerk uitgestal.

Sanitêre doekies, bloedmonsters van Fourie en Malherbe, van hul gesinsfoto's, ou liefdesbriewe en foto's van “120 mooi mans en 100 mooi meisies”, wat hulle spesiaal geneem het, is ook deel van die kunswerk.

Dit is een van tien werke in *Bloedlyn*, 'n uitstalling van die gekombi-

neerde pogings van 20 kunstenaars en skrywers wat in spanne van twee – bestaande uit 'n ouer en 'n jonger lid – saamgewerk het.

*Bloedlyn* is gewild by resensente. Een het dit as “'n visuele deurbraak vir kuns” bestempel.

Vir oningewydes is dit minder verstaanbaar. Baie snap nie die twee faksmasjiene en 'n ry leë portret-raampies teen die muur in 'n andersins leë vertrek is eintlik een van die kunswerke nie.

Die ontsyfering van 'n minder of meer toeganklike kode kenmerk die werke. Mense se onbegrip is waarskynlik die rede hoekom Fourie en Malherbe se bydrae sover nie juis opspraak verwek het nie.

Volgens Malherbe het die stroom besoekers aan *Bloedlyn* gaandeweg toegeneem. “As mense eers begin


luister, kyk en verstaan, raak hulle meegesleur.”

Baie besoekers dink eers 'n toonbank, wat deel van hul kunswerk is, is regtig 'n kliniek waar bloedmonsters getrek word.

Sy sê die fotonemery van mooi mans was groot pret. Sy en 'n assistent het Kaapstad ingevaar en na willekeur mans voorgekeer, soms tot groot misnoeë van hul vrouens.

As “'n teatrale toevoeging” het sy 'n doktersjas met die woorde “Forgive me for being powerful” en haar assistent een met “All this useless beauty” daarop aangehad.

Die assistent het op 'n knipbord die mans se name, ouderdomme, sterretekens en ander inligting neergeskryf. Die mans, wat almal onmiddellik ingestem het, is 'n blou proefkonynjassie aangetrek.



'n FEESGANGER bestudeer 'n skildery van Selwin Pekeur op die uitstalling *Bloedlyn* op die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn. Pekeur en skrywer Welma Odendaal het as 'n paar 'n bydrae vir die uitstalling gelewer. Die kunstenaars en tien skrywers het só in pare saamgewerk vir die spesiale ekskursprojek.

Foto: Hannes Pieterse